
Geopende *Deure*

# GEBEDSKALENDER



**Februarie 2026**

"U woord is 'n lamp vir my voet
en 'n lig vir my lewenspad."
PSALM 119:105

# FEBRUARIE

## INDIË

**1 Februarie**

Duisende Christene in Manipur is steeds ontwortel ná die geweld in 2023. Vra dat God hierdie gelowiges sal help om permanente huisvesting te vind en aan hulle hoop sal gee.

**2 Februarie**

Bid saam met ons suster, Kaveri*. Sy is aangehou omdat sy ŉ vrouegebedsgroep in haar huis gelei het. Haar seun is gearresteer omdat hy die Evangelie gedeel het. Vra dat God hulle van Sy nabyheid sal verseker.

**3 Februarie**

Bid dat baie vroue deur Kaveri se getuienis geseën en geïnspireer sal word en dat hulle meer doelgerig vir Christus sal leef.

**4 Februarie**

Ekstremiste teiken Christene in Indië voortdurend. Bid dat die gelowiges van geweld gespaar sal word en vra God om diegene te troos wat aanvalle moes verduur.

*Kaveri, ŉ vervolgde suster in Indië.*



## SAOEDI-ARABIË

**5 Februarie**

Alhoewel daar meer as twee miljoen Christene in Saoedi-Arabië bly, is daar geen wettige openbare kerke nie. Vra God om die gelowiges te help om geloofsgemeenskappe te kan vorm.

**6 Februarie**

Bid vir Christen-ouers. Dit is baie moeilik om hul kinders as gelowiges in hierdie land groot te maak. Die skole vereis dat studente die Islam-geloof bestudeer. Bid vir wysheid vir beide die ouers en kinders.

**7 Februarie**

Bid vir enkellopende Christene vir geleenthede om mekaar te ontmoet. Dit bly ŉ groot uitdaging vir Christene om ŉ gelowige eggenoot te vind en baie jong gelowiges wil graag trou.

## MIANMAR

**8 Februarie**

Hierdie land se burgeroorlog duur steeds voort, nou al vir die vyfde jaar. Die regerende militêre junta teiken Christene en diskrimineer teen hulle. Bid dat die owerheid se hart sal verander.

**9 Februarie**

Vra God om die kerkleiers en evangeliste in Mianmar te beskerm. Hulle waag hul lewens om God se Woord te verkondig en

*Name verander vir beskerming.

dissipelskapopleiding te bied aan Christene in afgeleë gebiede. Bid dat hulle veilig sal reis en vir vrede en vertroosting.

## CHINA

**10 Februarie**

Jongmense in China jonger as 18 jaar word verbied om eredienste of geloofsbyeenkomste by te woon. Bid vir hierdie jong gelowiges en hul ouers dat God ȟ nuwe generasie van Chinese Christene sal oprig, wat Jesus met passievolle toewyding volg.

> **"Bid asseblief saam met ons. Ek voel soms baie bang."**
>
> **—LAN, ȟ CHINESE KERKLEIER**

**11 Februarie**

Baie gelowiges in China kom in ongeregistreerde kerke bymekaar, wetende dat hul kerk enige oomblik toegemaak kan word. Bid vir beskerming en moed te midde van hierdie onsekerheid.

**12 Februarie**

Sedert hul huiskerk weer verlede jaar aangeval is, beleef kerkleiers, Lan*, en haar man, Qian*, intense druk. “Bid asseblief saam met ons,” vra Lan. “Ek voel soms baie bang.”

## SIRIË

**13 Februarie**

Ná die val van die Assad-regime leef baie Christene in voortdurende onsekerheid. Bid dat die gelowiges op God sal steun as hul “ewige Rots” (Jesaja 26:4).

**14 Februarie**

Bid saam met Judy, ȟ gegradueerde van ȟ beradingskool wat Geopende Deure ondersteun. “My berader het my gehelp om deur die moeilike tyd ná die oorlog en aardbewing te kom. Ek wens dat ander mense ook hierdie draaipunt kan beleef.”

**15 Februarie**

Bid vir die bekeerlinge vanuit Islam dat hulle liefde en ȟ geloofsgemeenskap sal vind, selfs al verwerp hul familie en vriende hulle. Bid dat hulle God se teenwoordigheid sal

ȟ Kennisgewingbord by ȟ kerk in China wat minderjariges verbied.



beleef in hul besluite oor hoe om hul geloof uit te leef.

*Judy, ŉ gegradueerde van ŉ beradingskool.*



## COLOMBIË

**16 Februarie**

Daar het weer konflik uitgebreek toe gewapende groepe mekaar aangeval het. Dit herinner ons dat ŉ mens nooit seker kan wees van vrede in ŉ land nie. Vra God om vrede te gee.

**17 Februarie**

Bid dat God gelowiges in inheemse gemeenskappe sal beskerm wat Jesus gevind het. Bid dat hulle eerder aanvaar as verdruk sal word.

**18 Februarie**

Die Christene wat in lande bly wat deur dwelmbendes regeer word, se lewens is voortdurend in gevaar omdat hulle soms as ŉ bedreiging vir die kartelle se bedrywighede gesien word. Bid vir hulle vir beskerming.

## KAMEROEN

**19 Februarie**

Bid vir die ekonomiese bemagtigingsprojekte wat deur Geopende Deure se vennote in Kameroen gelei word. Bid dat God hierdie pogings sal seën en dit sal gebruik om die gelowiges te versterk om Hom te volg, wat ook al gebeur.

**20 Februarie**

Die verre noorde van Kameroen is steeds ŉ baie gevaarlike plek vir Christene om in te bly. Vra dat God sy kinders veilig sal hou en hulle teen die Boko Haram-aanvalle sal beskerm.

**21 Februarie**

Elke week gaan pastore Mamoud* en Hamza* terug na hul vorige huis in die verre noordelike streek om te gaan preek en die gelowiges

*Pastore Mamoud en Hamza.*



te bedien. Bid vir hulle vir beskerming en wysheid.

## NICARAGUA

**22 Februarie**

Bid saam met die kerkleiers in Nicaragua, wat soms arbitrêre arrestasie en aanhouding in die gesig staar. Bid vir krag vir hierdie leiers en hul families.


**23 Februarie**

Ons bid saam met ons suster, Pastora*, en haar man, Roberto*. Hulle is gedwing om uit die land te vlug. Bid dat God aan hulle die pad sal wys in hierdie nuwe seisoen van hul lewens, ver weg van hul huis af.

**24 Februarie**

Vra dat God Geopende Deure se vennote sal beskerm waar hulle die Kerk in Nicaragua dien en versterk. Bid vir wysheid en moed vir die kerke wat deur die owerhede gemonitor word.

*Pastoor Roberto van Nicaragua.*



## ALGERIË

**25 Februarie**

Byna elke Protestantse kerk in Algerië is gedwing om te sluit of moes hul eredienste staak. Bid dat die Christene wat nie meer in hul kerke kan aanbid nie, ŉ geloofsgemeenskap sal vind.

**26 Februarie**

Vra God om die Christene te beskerm wat die Islam-geloof verlaat het. Dit kan riskant wees vir beide die persoon wat tot geloof gekom het, asook diegene wat daarvan verdink word dat hulle die Evangelie met die nuwe bekeerling gedeel het.

**27 Februarie**

Bid vir die Algeriese gelowiges wat gedwing word om hul geloof in die geheim uit te leef, soos Kamelia*. Sy vra dat ons bid vir haar vir insig, geduld en geloof omdat haar ouers begin vermoed dat sy ŉ gelowige is. "Almal in my gesin bid die Moslem-gebede, behalwe ek."

**28 Februarie**

Dank God vir die dapper, veerkragtige geloof van baie gelowiges in Algerië en regoor die wêreld, wat voortgaan om Jesus te volg ten spyte van die risiko's.

**Name verander vir beskerming.*

Geopende Deure

Geopende Deure Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

VOLG ONS OP:
www.opendoors.org.za

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129